UIT DIE KANTOOR

Dit is ‘n voorreg om hierdie verslag wat die werksaamhede van 2015 saamvat, aan u voor te hou.

Wanneer ons kyk na die skoolverbeteringsplan vir die periode 2013 tot 2015 en die sukses daarvan beoordeel, dan dui dit op ‘n baie positiewe evaluering. Kortliks die volgende insake die aktiwiteite voorgestel in die plan:

1. Die implementering van KAV – sillabus is met groot sukses afgehandel en die akademiese uitslae het baie mooi aangepas daarby. Die departementele ingrype en die impak om leerders te bevorder na ‘n volgende graad, sonder dat die basis daarvoor gelê is, sal in die toekoms beoordeel word. Ons matrieks het weer die 97% slaagsyfer in 2014 behaal.
2. Die aanstelling van personeel in bevorderingsposte en posvlak een is met groot sukses afgehandel. Die personeelvoorsiening lees tans 37 poste toegeken en 36 is gevul. Die bedankings van onderwysers is hoofsaaklik vir die vakante poste verantwoordelik.
3. Die opgradeer van die rekenaarlaboratoriums is reeds afgehandel.
4. Die herstelwerk aan die skoolgebou het momentum gekry en verskeie gange en klasse is in die onderste gang geverf. Die buitenste houthortjies het ook aandag gekry.
5. Die gebrek aan klaskamerruimte is aangespreek en deur die herstrukturering van bestaande lokale is vier ekstra klaskamers geskep. Dit het egter aanleiding gegee tot sekere uitdagings, maar die Cillié-personeel het dit laat werk.

Die akademiese vooruitgang is die primêre taak van elke skool. Dit is egter met groot kommer dat ons merk dat akademiese prestasie, ook in ons skool, nie deur al ons leerders as hul persoonlike doelwit gestel word nie. Laksheid en ongemotiveerdheid is maar deel van die redes vir die kwynende belangstelling. Die woorde van die voormalige President Mandela naamlik “Onderwys is die kragtigste wapen waarmee ons die wêreld kan verander”, word beslis nie deur baie van die Suid-Afrikaanse jeug en van die leerders van Cillié toegepas nie. Groot dank aan die personeel wat bereid is om hard te werk en ook die ekstra pad met ons kinders te loop. Dit is nie ‘n maklike taak om te verrig in ‘n wêreld waarin die kernwaardes , soos respek, eerlikheid, verdraagsaamheid, ens. nie meer die norm is nie.

In die jaarverslag word die sport en kultuuraktiweite mooi belig. Cillié is beslis ‘n besige skool wat aan al sy leerders geleenthede bied om hul talente en gawes te bevorder.

Graag wil ek die volgende gedagtes onder u aandag bring. Dit is die wêreldbekerrugby wat tans

ons aandag besig hou en daarom wil ek graag ‘n enkele lewensbeginsel hieruit vir u voorhou.

Die huidige All Black rugbyspan is een van die suksesvolste sportspanne tot nou toe. Ons kan dus vra waaraan word dit dan toegeskryf? Wat is die geheim agter hulle sukses? Die slagspreuk van die Kiwis is “Beter mense, maak beter All Blacks”.

Die eenvoudige strategie wat uit dié slagspreuk volg, is die ontwikkeling van die persoonlike leierskap en karakter van al die spelers van die veld af, sodat daar groter sukses op die veld sal wees. ‘n Oudkaptein, Jack Hobbs, het gesê: “Staan elke dag op en wees die beste jy wat jy kan wees.”

Die All Blacks se geheim vir sukses is niks anders as die ontwikkeling van sterk karakter wat indiwiduele integriteit, verantwoordbaarheid en dissipline insluit. Sowel op as weg van die veld word van hulle verwag, om met selfdissipline, verantwoordelikheid en integriteit op te tree. Verder glo hulle daaraan om hulle beste te gee en dan nog ‘n bietjie meer. Voeg daarby dat die ingesteldheid om suksesvol te kan wees, vereis dat jou voete plat op die aarde moet wees. Dit beteken jy moet nederig wees.

Het dit nie absoluut noodsaaklik geword dat ouers en onderwysers sterker moet fokus op die ontwikkeling van karakter by ons kinders, eerder as hul prestasies nie? Wat sal die effek wees wanneer hulle soggens opstaan en probeer om die beste mens te wees wat hy of sy kan wees? Hoe sterk sal ons gesinne en skool wees as integriteit, verantwoordelikheid, hardwerkendheid en selfdissipline deel van ons kinders se kultuur word?

Die slagspreuk van die All Blacks kan ons op onsself van toepassing maak: “Beter mense, maak beter Cillié-leerders”.

JAN LE VACK: VOORSITTER

Wat ek is, is genade.

Wat ek het, is geleen

(Koos du Plessis)

Die jaar 2015 spoed weer eens tot ‘n einde en dit beteken ‘n terugblik oor die jaar se prestasies en uitdagings. Hierdie prestasies laat ‘n mens besef dat die afgelope jaar gepaard gegaan het met harde werk, hoë kwaliteit van nagestrewe doelwitte en vasberadenheid van die opvoeders.

Daarom bring dit gemoedsrus mee as ons weet ons Skoolhoof en opvoeders beoefen nie net ‘n beroep nie, maar is geroepe om hul passie uit te leef. Dankie vir sulke opvoeders.

Die Beheerliggaam wil ook die skoolhoof, mnr. Stoffberg en sy leierskorps bedank vir die manier hoe hulle die skool bestuur.

Dit is van kardinale belang dat u as ouer of voog van u kind die skool se hand sal vat, al beteken dit net om morele ondersteuning te gee. Ons kinders is die leiers van môre. Dit is belangrik dat ouers of voogde ten alle tye bewus sal wees waarmee hul kinders besig is.

Die Beheerliggaam wil ook elke leerder wie se droom vanaand bewaarheid word in die verkryging van een of ander prestasie, hartlik gelukwens. Julle is ons trots en ons juig vanaand saam met elkeen wat ‘n toekenning ontvang.

Die Beheerliggaam wil ook die leerders alle voorspoed met die komende eksamen toewens.

IN EN OM DIE SKOOL

KOMPETISIEBOEKIES

Die fondsinsamelingsprojek van die skool was ‘n groot sukses. Die inkorporering van die Wakkerbly saam met die kompetisie dien as groot aansporing vir ons kinders. ‘n Pragtige bedrag van R62 050.00 is ingesamel. Ons pryswenners was Alessandro Schutte, Akeem Cona en Marlin Williams. Baie geluk aan me. S. Botha se wenklas, Gr 8 B, wat 115% boekies verkoop het. Groot dank ook aan alle ouers, leerders en ondersteuners van hierdie projek. Dit maak ‘n groot verskil in ons skool.

TADA

Die TADA-program (Teenagers Against Drug Abuse) is ’n belangrike program waar leerders wat swak keuses maak met betrekking tot die gebruik van dwelms en ander substanse gehelp kan word om hul probleem met kennis en begeleiding te probeer oorkom. Deur die program reik die skool uit na sulke leerders. Tydens ‘n intervensie word leerders bygestaan deur opgeleide onderwysers en portuurleiers. Leerders wat wil help met die program moet aansoek doen en gaan dan deur ‘n keuringsproses voordat hul vir opleiding as mentors gekies kan word. Die Beheerliggaam vereis dat leerders wat positief toets vir dwelmgebruik, ‘n verpligte program moet voltooi, voordat hul weer getoets word vir dwelms. Ons grootste taak is om ‘n dwelmvrye omgewing in ons skool te skep. Ons is baie dankbaar dat ons onderwysers en leerders het wat so passievol is om te sorg dat ons die mandaat kan uitvoer. Die leerders wat op die bestuur dien, is Samuel Connelly, Nicolene

Roestorff, Orgelene Meyer en Ruben Snyman. Hulle word op bekwame wyse gelei en ondersteun deur mev. Van Biljon, mee Rademeyer en Killian asook mev. Van Eyk.

MNR/MEJ. CILLIÉ

Hierdie funksie is jaarliks ‘n hoogtepunt op ons geldinsamelingskalender. Daar word geweldig baie moeite gedoen om ons kinders voor te berei vir hul optrede op die loopplank. Ons glo dat dit help bou aan die kinders se selfvertroue. Dit is egter vir ons nodig om weer te gaan kyk na die formaat van die funksie sodat ons kan vasstel waarom ons ouers en ondersteuners al traer raak om die funksie te ondersteun. Ons glo dat met al die energie en tyd wat hier ingeploeg word, ons beslis ‘n beter uitkoms moet kry. Baie geluk aan ons wenners – ons is baie trots op julle.

INSTANDHOUDING

Die instandhoudingskomitee het vanjaar verskeie herstelprojekte afgehandel. Op ‘n daaglikse basis word kleiner herstelwerk gedoen.

Die volgende herstelwerk is suksesvol afgehandel:

- Beide die seuns- en dogters-toilette is opgegradeer.
- ‘n Nuwe veiligheidshek, wat toegang verleen tot die motorhuise van die skoolbussies, is geïnstalleer.
- Die voorhek van die skool is op ‘n nuwe spoor geplaas.
- Die 60 sluitkassies wat deur Hoërskool Victoria Park aan ons geskenk is, is geskuur, behandel, geverf en ingebou.
- Kamer 80 en die Mediasentrum is geverf met verf wat as skenking ontvang is.
- Vier mangate aan die buitekant van die Ventersaal is permanent verseël en verstopte rioolpype agter die saal is oopgemaak.

SPORT

ATLETIEK

Die kleure-byeenkoms het in ideale weersomstandighede by die Engelbrecht-terrein plaasgevind. Die groenspan het beide die Deelnemers- en Byeenkomsbekers verower.

Die sone-byeenkoms het by Gelvandale-stadion plaasgevind. Ons 0/19-seuns het 10 van hul 12 items gewen, insluitende die afloswedloop. Cillié se seuns het 23 eerste plekke behaal en die dogters 17.

Die PE Hoërskole byeenkoms het by Gelvandale en NMMU se atletiekbane plaasgevind. Bernadette Liesing het ‘n eerste plek in die D 0/15-spiesgooi behaal. Ons het 4 tweede-, 7 derde- en 4 derde plekke behaal.

Die Metro byeenkoms het by die Westbourne Ovaal plaasgevind. Ons atlete wat die beste gevaar het, was Tuyler Rooi (3de S0/19 400m), Jose Snayers (2de S0/15 SW), Dylan Grootboom (2de SO)/17 VS) en Justine Hoogh (2de DO/17 SW en GS; 4de in HG).

Ons krag lê tans in ons senior atlete. Daar is beslis ‘n leemte by ons juniors wat talent en toewyding betref.

KRIEKET

1ste krieketspan

Die 1ste krieketspan het ‘n goeie jaar agter die rug met groot welslae teen bekende skole. Weersomstandighede was goed en 5 van die 6 wedstryde is gespeel.

Die span was onoorwonne tot en met die laaste wedstryd teen Humansdorp Sekondêr. Die span was baie teleurgesteld oor die nederlaag, maar ons sien uit na die volgende seisoen, wat ons glo ook suksesvol sal wees.

‘n Besondere prestasie is deur Remano Jansen behaal deurdat hy sy eerste honderdtal in die seisoen gekry het.

Die span was deurgaans baie getrou, gedissiplineerd en het hard gewerk. Dit het van hulle goeie wenners gemaak. Baie dankie aan al die spelers vir hul deelname en prestasies.

O/15-krieketspan

Die 0/15-krieketspan bestaan meestal uit graad 8-leerlinge. Verlede seisoen kon die 0/15-span slegs 3 uit 5 wedstryde wen. Jason Ferreira en José Snayers, albei in graad 9, neem per wedstryd 2 paaltjies elk, terwyl Chimago George en Rivaldo Rademeyer die kolfrol in die span gedeel het. Hierdie spelers sal ook volgende seisoen die 0/19-krieketspan haal, weens hul uitmuntende vertonings wat hulle gelewer het.

Proewe sal weer gehou word om elke leerling geleentheid te gee om hul talente te ontwikkel.

LANDLOOP

‘n Klein groepie atlete het vanjaar aan vyf landloopligabyeenkomste asook ‘n afloswedloop deelgeneem.

Daar is belowende junior atlete wat belofte inhou vir die toekoms. Shubane Adams en Valentino Mitchley het onder die top 15 atlete die seuns-afdeling geëindig en Whitney Jacobs en Mikayla du Plessis in die dogters-afdeling. Ons beste senior atlete was Chavandré Williams en Joelene Swartz.

NETBAL

Cillié het vanjaar 9 spanne gehad. Hierdie spanne oefen op Dinsdae en Donderdae en speel Saterdae wedstryde.

Die eerstespan het aan die begin van die seisoen aan die Despatchfees deelgeneem en baie goed gevaar. Die eerstespan is ook as die beste senior span aangewys, met 235 punte aangeteken en 229 afgestaan.

‘n Spesiale woord van dank teenoor al ons spelers vir hul entoesiasme en getrouheid om te kom oefen en in wedstryde ons skool se leuse prakties uit te leef.

Ons is geseënd om soveel uitstekende, entoesiastiese afrigters te hê wat met toewyding en liefde gehelp het om ons dogters tot hoër hoogtes te begelei. Vyf van ons afrigters het vanjaar hul praktiese gradering vir skeidsregting gekry. Al ons afrigters het graderings.

Die statistieke is soos volg:

Span	Wen	Verloor	Gelykop
O19A	6	3	1
O19B	1	5	0
O19C	1	2	0
O16A	2	7	0
O16B	4	4	1
O16C	2	1	0
O14A	5	4	0
O14B	2	5	0
O14C	0	1	0

RUGBY

As ons die seisoen evalueer, kan ons met trots sê dat die seisoen ‘n sukses was. Die eerstespan het 19 wedstryde gespeel, insluitende wedstryde wat by die Despatch- en Westeringtoernooie gespeel is. Ons het ook drie toerspanne ontvang : Burgersdorp, Milnerton van Kaapstad en St Columbus College van London in die Verenigde Koningkryk. Ons eerstespan het 7 uit 11 ligawedstryde gewen. Ons wil ook graag noem dat dit die eerste keer in baie jare was dat ons Hoërskool Despatch op ons eie veld kon wen. Ons het 511 punte aangeteken en slegs 271 afgestaan.

Die tweede- en derdespanne, asook die 0/15-span het ook ‘n goeie seisoen gehad. Die o/14’s en o/16’s het goeie rugby gespeel en moedig probeer, maar is deur hul opponente oorskadu. Ons glo egter dat hulle in die volgende seisoen baie sal verbeter. Baie dankie aan elke speler, afrigter, ouer en ondersteuner wat dit moontlik maak dat ons kinders hulle kan uitleef op die rugbyveld. ‘n Groot dankie ook aan die dames wat ons gaste versorg het en ook gesorg het dat daar heerlike eet- en drinkgoed te kope was vir die publiek. Ons waardeer jul opoffering.

SEWESRUGBY

Dylan Grootboom is gekies vir die OP Sewes-span. Ons is baie trots op hom.

SOKKER

Die sokkerseisoen was vanjaar baie kort as gevolg van weersomstandighede wat wedstryde beïnvloed het. Ons skool se senior sokkerspan het slegs twee wedstryde gespeel, maar die juniorspan kon geen wedstryde speel nie.

Die bepalings van die senior sokkerspan se twee wedstryde was: een verloor en een gewen. Die kragmetings was teen Victoria Park Hoërskool en Hoërskool Linkside.

Die spelers het ‘n goeie gees en sportmanskap tydens wedstryde en oefening uitgeleef.

SKAAK

Daar is groot entoesiasme by ons skaakspelers en ons voorsien ‘n mooi toekoms vir hulle. Dit is veral ons juniors wat werklik uitstekend vorder. Twee leerders is gekies om O.P. by verskillende toernooie te gaan verteenwoordig. Hulle is Delano Banks en Gerard Mackay in graad 8.

TENNIS

Die dogtertennisspan het die jaar baie goed gevaar in hul liga, wat tydens die eerste kwartaal plaasgevind het. Die span het al hul wedstryde gewen en het die volgende uitslae behaal:

Cillié vs. Westering	10 – 0
Cillié vs. Linkside	12 – 0
Cillié vs. Gelvandale	11 – 0
Cillié vs. Humansdorp	6 – 0 (spel is gestop weens reën)
Cillié vs. Pearson	afgestel

In die finale liga-uitslae het Cillié soos volg gevaar:

Pearson	44
Cillié	41
Humansdorp	28

STAPKLUB

Die jaar het afgeskop met ‘n totaal van 30 leerders wat opgedaag het om aan die stapklub te behoort.

Die leerders het oefensessies getrou bygewoon waartydens verskillende roetes in die omgewing rondom die skool aangepak is. Elke kwartaal is begin met korter roetes, wat dan langer geraak het, soos die weke verby gegaan het. Roetes het gewissel tussen 2.1 km en 5.1 km. Namate die leerders se fiksheidsvlakke toegeneem het, het die langer roetes makliker geraak om te voltooi.

Daar is ook kwartaalliks ‘n seestap aangepak. Tydens die seestap het die leerders sowat 3 km op die strand gestap. Hulle het ook kwartaalliks die “bleep” toets gedoen wat verder tot verhoogte fiksheidsvlakke bygedra het.

Die doel van die stapklub is steeds om ‘n sosiale klub te wees wat leerders motiveer om ‘n gesonder leefstyl te handhaaf.

KULTUUR

BALDANSE

In 2015 het die groep “ballroom” leerders gegroei met ongeveer 15 entoesiastiese graad 8’s. Tydens die eerste kwartaal is daar hard geoefen om deel te neem aan die interskole kompetisie wat jaarliks in April plaasvind. Sewe paartjies het aan die strawwe kompetisie deelgeneem en met groot selfvertroue gedans. Ons is trots om te kan rapporteer dat ons drie medaljes verower het. Jaymerique Christian en Andrea Williams het ‘n vierde plek behaal en Tershwin Smith en Bernadette Liesing het ‘n derde

plek (brons) en ook ‘n eerste plek (goud) behaal. Die kinders het ook by ons ander kultuurfunksies pragtige vertonings gelewer. Ons glo dat hul van krag tot krag sal gaan.

BIO-SCIENCE OLIMPIADE

Die Lewenswetenskap leerders het onderskeidelik in ‘n junior (gr. 8 – 9) en senior (gr. 10 – 12) olimpiade deelgeneem. Die olimpiade bestaan uit 50 veelvuldige keuse vrae oor verskeie onderwerpe in Lewenswetenskap. Die junior leerders het baie goed gevaar.

Die uitslae was soos volg:

Junior afdeling

- 3 silwer bo 70%
- 6 brons bo 60%
- 1 sertifikaat vir deelname

Die algehele gemiddeld van die juniors was ook 4% hoër as die nasionale gemiddeld.

BLOEDSKENK

Die bloedskenk-projek het vanjaar van krag tot krag gegaan. Onder die bekwame leiding van Justine Hoogh, Orgelene Meyer en die elf leiers is 250 eenhede vanjaar getap.

DRAMA

Twee produksies is vanjaar suksesvol op die planke gebring. Sowat 40 leerders het gedurende die eerste kwartaal aan die Paasprogram deelgeneem. Ons het hierdie jaar Jesus se lewe gevolg vanaf geboorte tot opstanding, Marco Fourie het die rol van Jesus vertolk en hom goed van sy taak gekwyt. Die produksie is opgevoer in samewerking met die koor, Acapella en ‘n moderne dansgroep. Dit is gedurende ‘n saalperiode opgevoer, net voor die Paasvakansie en leerders kon werklik daar uitstap met die boodskap van Paasfees in hul harte.

In Augustus is ons jaarlikse kultuurkonsert gehou. Die tema was vanjaar CSTV (Cillié School TV). Ses hoofkarakters, naamlik Ma (Trisco Africa), Pa (Marco Fourie), Ouma (Carmen Humpel), Oupa (Grant Walters) en 2 kinders (Debbie-Lee Bester en Megan Coetzee), het na verskeie TV programme gekyk, wat deur 50 drama leerders uitgebeeld is. Die produksie was weer eens in samewerking met die moderne dansers, sanggroepe en baldansers aangebied. Die aand was ‘n reuse sukses en die dramaleerders het baie trots gevoel oor hul deelname en sukses.

Drama bied aan baie van ons leerders die geleentheid om op die verhoog te verskyn en dit bou selfvertroue. Ons glo dat hierdie groepie net van krag tot krag sal gaan en dat ons elke jaar meer talent sal ontbloot.

FOKUS

In ‘n poging om koste te besnoei, is daar besluit om die Fokus eerder in A5-formaat te druk. Die kleur buiteblaaie is by die skool gedruk, wat ‘n groot besparing meegebring het.

Die eerste uitgawe van die jaar is in Junie uitgegee, terwyl die tweede uitgawe in Oktober uitgegee is. Daar was vanjaar 13 redaksielede. Ongeveer 100 eksemplare word met elke uitgawe verkoop. Dit is een van

ons doelwitte om meer eksemplare te verkoop.

JAM

Hoërskool Cillié se Christelike groep, JAM (Jesus and Me) se tema was vanjaar ABC – Back to Basic.

Die groep vergader elke twee weke op ‘n Vrydag en behandel verskillende temas. Ons het vanjaar weer na Christelike waardes gekyk en met elke JAM periode is een van hierdie waardes behandel. Die formaat van elke JAM periode verskil en wissel tussen klein groepies tot groot groepsamesprekings, of ‘n spreker wat leerders kom toespreek oor die onderwerp.

JAM het ook van 27 Februarie tot 1 Maart in Boknes gaan kamp. Vier en veertig leerders het dit bygewoon. Royden Yew-Siong was die kampleier en daar is groot werk op die geestelike terrein gedoen. Geen leerder het onaangeraak teruggekeer nie.

‘n Mini-basaar is as fondsinsameling gehou. Die eetgoed is gedurende ‘n pouse aan leerders verkoop.

Ons glo ons moet aanhou om Jesus se koningkryk uit te bou. JAM speel ‘n groot rol hierin. Leerders word die geleentheid gegee om hul Christenskap in die skool uit te leef.

JUNIOR STADSRAAD

Die Junior stadsraad van Port Elizabeth het in 1958 ontstaan en ons skool het sedert 1970 ‘n junior en senior lid wat in die raad dien. Dié stadsraad vergader maandeliks, funksioneer deur middel van die komiteestelsel en pak verskeie projekte aan.

Brendon Klue en Sharvonn Fredericks was die afgelope jaar ons senior en junior verteenwoordigers. Hulle het beide in die gemeenskaps-projekkomitee gedien. Hulle het onder andere ‘n teeparty vir ‘n ouetehuis aangebied. Hoërskool Cillié het vanjaar die meeste broodknippies, naamlik ‘n streepsak vol, ingesamel ten bate van ‘n rolstoelprojek.

Nicole Demas, is onlangs as die nuwe junior stadsraadlid van ons skool aangewys.

LEERDERRAAD

Die leerderraad het uit 44 lede bestaan. ‘n Baie geslaagde leierskamp is te Boknes aangebied. Hier is verskeie sessies aangebied om leerders se leierskap te ontwikkel. Die leiers is ook geleer wat die prosedures tydens amptelike vergaderings is. Vier komitees is aangewys nl. die sosiale komitee, binne- en buite projekte en fondsinsamelingskomitee. Die vier hoofleiers naamlik Brendon Klue, Samantha Gunter, Marco Fourie en Shernay Mouers was voorsitters van hierdie komitees.

Verskeie projekte is deur die komitees aangepak.

Fondsinsamelingskomitee

Onder leiding van Brendon Klue is daar reeds in die vierde kwartaal van 2014 met ‘n sokkie begin om fondse aan te vul. Tydens Valentynsdag was ‘n Civviedag gehou, om geld en produkte vir welsyn in te samel. ‘n

Motor- en klaskamerwas is geloods wat ook die fondse aangevul het.

Binne-projekte komitee

Onder leiding van Shernay Mouers is die dogters kleedkamers opgeknap.

Buite-projekte komitee

Marco Fourie het leiding geneem om na die Sinethembahuis in Standfordweg uit te reik. Geld wat deur ‘n pizza-lootjie ingesamel is, is gebruik om ‘n rugby- en sokkerbal te koop. Daar was ook van die lede wat na skool die kleiner kinders met tuiswerk gehelp het. Elkeen het ook ‘n kospakkie ontvang terwyl ‘n geskenkie aan die kleintjies uitgedeel is.

Sosiale Komitee

Onder leiding van Samantha Gunter, het ‘n baie geslaagde spanbouprojek, in samewerking met UBU-adventures, plaasgevind. Hulle het ook gehelp met die reëlings vir die finale afsluitingsfunksie wat by Spur aangebied is. Die onderwysers is ook bederf met ‘n slaaf vir ‘n dag en ‘n bederf op hul verjaarsdae. Daar is ook erkenning aan ma’s gegee op Moedersdag en ook met Onderwyserdag is ‘n spesiale gedagte gedeel.

Behalwe vir die projekte was die Leerderraad ook reg deur die termyn verantwoordelik vir diens op die terrein en in die rye tydens instap.

Ons dank aan die hoofleiers saam met die lede wat hulle so goed van hul taak gekwyt het en so ‘n hoë standaard gestel het. Dankie vir jul diensbaarheid en die verskil wat jul elkeen gemaak het.

MEDIASENTRUM

Daar is hierdie jaar reeds 45 nuwe boeke aangekoop en 28 boeke as skenkings ontvang. Daar is egter ‘n groot hoeveelheid boeke afgeskryf weens verwering. Die video-afdeling is ook verskuif na die argief, aangesien die meeste van die kassette nie meer werk nie. Ons brei steeds ons vakhandboeke versameling uit en dit word baie deur leerders gebruik vir take. Die mediasentrum maak baie staat op skenkings van ou boeke en tydskrifte en danksy goedgunstige mense kan ons steeds met ‘n groot verskeidenheid tydskrifte spog. Daar is definitief ‘n opwaartse beweging in leerders van graad 8 se leesgewoontes. Ons probeer leerders aanmoedig om ten minste een boek per kwartaal te lees. Aangesien ons nie die leerders wil ontmoedig om te lees nie, word geen boetes gehef op boeke wat laat teruggebring word nie, maar indien boeke beskadig of verlore raak, word ‘n rekening vir die boeke uitgestuur.

Leerders word hier ook die kans gegun om hul leiereienskappe te ontwikkel en kan aansoek doen om as medialeiers te werk. Daar is elke pouse medialeiers aan diens wat die ander leerders help in die biblioteek.

Media soos CD-spelers en TV’s word beskikbaar gestel vir onderwysers om tydens lesure te gebruik. Die mediasentrum is eerste pouses oop vir

boeke uitneem en tweede pouses net vir leerders wat wil studeer of aan take werk. Die mediasentrum bly oop tot 15:00 elke middag behalwe Vrydae.

NEURO-AKSIE

Die doel van die Neuro-aksie is om leerders se belangstelling in die wetenskappe te prikkel en om hulle bloot te stel aan die wêreld van die wetenskap.

Die Wiskunde- en Wetenskapleerders het aan verskeie aktiwiteite deelgeneem, nl.

- Die Addo Olifantpark het vir groot opwinding gesorg.
- ‘n Groot groep leerders het die Volkswagen Museum besoek waar ‘n mens onder die indruk gekom het van die groot tegnologiese ontwikkeling van die afgelope jare.
- Van ons junior- en seniorleerders het aan verskeie Wetenskap- en Wiskunde Olimpiades deelgeneem.
- Drie Graad 12-leerders het aan die Mintek vasvrae deelgeneem.
- Van die Graad 12-leerders het ook die “Science Discovery week” tydens die Junie - vakansie bygewoon. Waardevolle inligting is oor moontlike studierigtings verkry. Die leerders was baie beïndruk met al die beroepsmoontlikhede wat daar is.
- Sewe groepe Graad 10-leerders het aan die Wetenskap Expo deelgeneem, waartydens hul waardevolle ervaring oor die doen van navorsing opgedoen het.
- ‘n Aantal leerders het aan die aktiwiteite van die Nasionale Wetenskapweek, wat deur die Departement van Onderwys aangebied is, deelgeneem. Hulle het aan verskeie kompetisies en vasvrae deelgeneem en het baie goed gevaar. Cillié het die trofee vir die algehele derde posisie verower.

REDENAARS

Vanjaar het die Redenaarsklub vroeg afgeskop. Op 23 en 25 Februarie het die senior uitdunne plaasgevind. Die junior uitdunne is op 4 Maart gehou. Gedurende Meimaand het die finale kompetisie vir beide groepe plaasgevind.

Die kompetisie tussen die seniors was baie uitdagend en daarom het die Redenaarsklub besluit om ‘n beste spreker vir Gr 10, 11 en 12 aan te wys.

Die uitslae was soos volg:

Senior redenaars

Graad 10	Chamione Gouza
Graad 11	Samuel Connelly
Graad 12	Brendon Klue

Junior redenaars

Eerste plek	Akhona Kepe
Tweede plek	Megan Coetzee
Derde plek	Kayla Pieterse

Gedurende Augustus het die Interskole Redenaarskompetisie plaasgevind. Die volgende skole is uitgenooi: Andrew Rabie, Linkside en Otto du Plessis. Ongelukkig het Andrew Rabie onttrek. Brendon Klue en Samuel Connelly het Cillié in die Senior afdeling verteenwoordig. Megan Coetzee en Akhona Kepe was die Junior verteenwoordigers. Megan Coetzee het die toekenning vir beste junior spreker gekry. Die beste senior spreker was ‘n leerder van Linkside.

VASVRAE

Die Vasvrae-doelwit vir 2015 is bereik. Ons wou deelname aan die kompetisie, wat vir ons regverdige kompetisie kon wees, verhoog.

Tydens die eerste skoolweek het alle Cillié-leerders geleentheid gekry om aan ‘n Vasvrae deel te neem. Die topprestеerders is geïdentifiseer en ons het verder met hierdie leerders gewoeker.

Gedurende die tweede kwartaal het ons die Interhuis-Vasvrae aangebied tydens die Kultuursaalgeleentheid. Die geelspan het as wenners geseëvier en die witspan was tweede.

Op 6 Augustus het ‘n Interskole Vasvrae tussen Hoërskole Cillié, Otto du Plessis en Linkside plaasgevind. Die Linkside Vasvrae-span was die wenners en Cillié tweede. Dit was goeie ondervinding vir die Vlymskerp-Vasvrae van *Die Burger* en die ATKV, wat op 22 Augustus plaasgevind het.

Volgende jaar stel ons ons doelwit nog hoër en sal poog om ons leerders se algemene kennis te verbeter.

HOOGSTE TOEKENNINGS

Graag rekordeer ons die name van die volgende leerders en die toekennings wat hul ontvang.

- Staatmakerbekers aan die onderhoofseun- en dogter : Sherney Mouers en Juan-Marco Fourie.
- Gedenkpennings vir leierskap aan die hoofleiers : Samantha Gunter en Brendon Klue.
- Staatmakerswisselskild aan Samantha Gunter.
- Trofee vir die hoogste merietepunte(dogters): Samantha Gunter.
- Trofee vir die hoogste merietepunte (seuns) : Joden Erasmus.
- Beker vir Sportmangees (dogters) : Sherney Mouers.
- Beker vir Sportmansgees (seuns) : Remano Jansen.
- Wisseltrofee vir die Junior Sportster : José Snayers
- Sportvrou van die jaar : Marion Maarman
- Sportman van die jaar : Dylan Grootboom
- Skoolhooftoekenning vir die veelsydigste leerder : Brendon Klue.
- Trofee vir die hoogste punte in graad 11 en 12 : Juan-Marco Fourie.
- Dux-medalje vir die hoogste punte in graad 12 : Brendon Klue.

VOLLE EREKLEURE

NETBAL - Marion Maarman

RUGBY - Dylan Grootboom

AKADEMIE - Aladdin Siebritz

AKADEMIE - Brendon Klue

AKADEMIE - Joden Erasmus

AKADEMIE - Johan Snyman

AKADEMIE - Juan-Marco Fourie

LEIERSKAP - Shavonn Fredericks

LEIERSKAP - Samuel-Micheal Connelly

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende:

- Die Bestuursliggaam: Mnr. Le Vack (Voorsitter), ouerlede, die nie-opvoederlid, onderwyser-verteenwoordigers en leerders vir hulle onbaatsugtige diens gelewer tot die uitbreiding en funksionering van die skool. ‘n Spesiale woord van dank aan die voorsitter vir sy ondersteuning en beskik-baarheid.

- Mnr. P. J. van Vuuren, ons onderwysontwikkelingsbeampte vir sy ondersteuning, leiding en hulp aan die skool.

- Die onderwyspersoneel. Baie dankie vir u insette en bemoeienis met ons leerders op die akademiese en buite-kurrikulêre terreine.

- Die Leierspan, graadhoofde en vakhoofde vir die ondersteuning en leiding wat u op ‘n wye front lewer.

- Administratiewe personeel. U vriendelike, hoflike en bekwame diens aan die skoolhoof, personeel, leerders, ouers en publiek gaan nie ongesiens verby nie. U bydrae en die gesig van die skool wat u bied, is van groot waarde!

- Die opsigter en sy span werkers. Dankie dat ons in ‘n aangename en skoon omgewing mag werk.

- Die leerderleiers. Ons vertrou dat hierdie geleenthede wat gebied is, kon meehelp in die vorming van jou leierseienskappe.

- Alle ouers, oudleerders en vriende van die skool vir die ondersteuning.

- Ons donateurs en borge, asook die Afrikaanse Opvoedings-fonds se beursskema. Dankie vir die finansiële ondersteuning tot die opheffing van die skool.

- Alle dank en eer aan ons Hemelse Vader vir die ryke seën wat Hy oor ons skool hierdie jaar uitgestort het.

Baie geluk aan elke pryswenner en voorspoed aan elke leerder met die finale bevorderingseksamen.

P. STOFFBERG

SKOOLHOOF

15 Oktober 2015